Skrifgedeelte: Jesaja 12, Johannes 1:16-18 en Johannes 7:37-39

Teksvers: Jesaja 12:3

Tema: Skep uit die fonteine van redding, sodat daar ook strome lewende water uit jou sal vloei!

Baie van ons was in die laaste week geskok deur soveel verskriklike nuusgebeure. Die afsterwe van Robin Williams was maar net een van hierdie nuusgebeure. `n Man wat soveel lag in soveel huise gebring het, maar `n man wat diep binne hom met depressie geworstel het. Na sy dood het iemand gesê hy wens hy kon vir Robin vertel van Jesus Christus en dat Hy genoeg is...nie om die hartseer en leegheid hier en nou weg te neem nie, maar om vir hom die hoop van blydskap en vreugde saam met God te gee, sodat hy in hierdie moeilike tye kon volhard.

En dit is iets waarmee elkeen van ons kan doen - `n bietjie hoop vir hierdie deurmekaar wêreld met al sy seer en leegheid. Elkeen van ons het hierdie boodskap van vreugde en blydskap saam met God nodig. Die wonderlike troos is egter dat ons nie die enigstes of eerstes is wat hierdie boodskap nodig het nie. Ook die Israeliete van die Ou Testament het hierdie boodskap nodig gehad. Hulle het veral hierdie boodskap nodig gehad toe hulle gehoor het dat hulle deur die Assiriërs in ballingskap weggevoer gaan word.

En dan in Jesaja 10 en 11 word hierdie boodskap van hoop gegee en op `n besonderse manier word hierdie boodskap opgesom in Jesaja 12. Ons hoor die hoop in die feit dat die Here kwaad was vir sy volk, maar dat Hy nie meer kwaad was nie – Hy het uitkoms gegee deurdat Hy hulle vry gemaak het. Daarom is die Here hulle redder en vertrou hulle net op Hom. Hy is hulle krag en beskerming, of Psalm soos die Ou Afrikaanse Vertaling hierdie woord vertaal.

En dan kom hierdie besonderse belofte wat die Here vir die volk maak: "Met blydskap sal julle water skep uit die fonteine van redding." Hierdie fonteine van redding wys terug na die feit dat die Here hulle redder is. Hy is hierdie fonteine van redding waaruit die volk sal water skep, juis omdat hulle weet dat hulle niks sonder die Here kan doen nie en dat hulle nie sonder Hom kan lewe nie.

Wanneer die Here mense red, red Hy hulle in `n verhouding met Hom in. En wanneer hierdie redding, wat die Here gee, deur die geloof aangeneem word, maak dit `n begeerte by elkeen los om werklik te wil groei in sy verhouding met die Here.

Om met blydskap water uit die fonteine van redding te skep beteken dus dat dit wonderlik en lekker is om dieper en dieper te groei in my verhouding met die Here. Dit beteken dat dit vir my lekker en goed is om elke dag meer en meer te leer oor die redding wat die Here vir my gebring het. Dit beteken dat ek elke dag meer en meer besef dat ek nie kan lewe sonder die redding wat die Here gee nie.

Die wonder van dit alles is dat die Here nie net met die mense van die Ou Testament só gewerk het nie, maar dat Hy ook só met elkeen van ons werk. Ook elkeen van ons kry hierdie begeerte om te wil groei in ons verhouding met die Here wanneer ons in die geloof die redding aanneem wat Hy vir ons in Jesus Christus gegee het. Dit is wat hierdie woorde van Johannes 1:16 beteken: "Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang."

Hierdie “genade op genade” wys nie na twee verskillende soorte genade wat daar is en dat mens eers die een kry en dan die ander nie. Dit wys ook nie op die genade wat daar in die wet van die Ou Testament was en die genade wat daar nou in Jesus Christus is nie. Hierdie “genade op genade” beteken dat daar gereeld vir ons `n dieper verstaan van genade gegee word. Elke keer wat ons groei in ons verhouding met Jesus Christus en wat ons Hom beter leer ken, leer ons die genade van die Here beter ken en kry ons “genade op genade”.

Wanneer ons só groei in ons verhouding met Jesus Christus, is daar `n wonderlike uitwerking. Nie net sal ons wil aanhou om met blydskap water uit hierdie fonteine van redding – Jesus Christus – te skep nie, maar daar sal strome lewende water ook uit ons uit vloei! Dit is die wonderlike belofte wat Jesus Christus vir ons in Johannes 7:37-39 gee. Wanneer ons groei in ons verhouding met Jesus Christus, word ons ook volgemaak met die Heilige Gees.

Dit is juis dan wat die Heilige Gees ons lewe beheer en bestuur en dit is dan wat die Heilige Gees ook twee uitwerking in ons lewe het. Hierdie twee uitwerkings was alreeds in Jesaja 12:4-6 aan ons belowe. Die een uitwerking is dat ons God sal loof en prys en die ander is dat ons vir al die mense sal wil vertel oor dit wat God vir ons in Jesus Christus gedoen het.

Wanneer ons groei in ons verhouding met Jesus Christus en ons word volgemaak met die Heilige Gees, kan ons nie anders nie as om werklik te wil sing en juig oor wat die Here doen! Dan maak dit nie saak hóé vals of lelik ek sing nie – ek wil sing! Daar is iets in my wat my beweeg en motiveer om net eenvouding die Here se Naam te wil groot maak, want ek kan nie anders nie! Daar is `n onbeskryflike groot blydskap in my wat ek moet uitkry deurdat ek sing...

...En deurdat ek vertel! Die Heilige Gees beweeg en motiveer my om te vertel van dit wat die Here aan my gedoen het. Ek kan nie stilbly oor die liefde en die genade van die Here nie en ek wil dan vir almal vertel dat God só groot en só magtig is dat Hy selfs vir my kon red en kon lewendig maak. Die duidelikste bewys dat iemand vol is van die Heilige Gees, is dat daardie persoon nie kan ophou om te praat oor Jesus Christus nie.

Van volgende Sondag af gaan ons as gemeente `n tyd van fokus in. Ons gaan fokus op God se groot verlossingsplan en ons missionêre roeping in hierdie wêreld. Dit gaan `n tyd wees waar elkeen van ons weer kan gaan skep uit die fonteine van redding. Dit gaan `n tyd wees waar elkeen van ons kan groei in ons verhouding met God, waar ons hoor van die genade wat daar vir ons in Jesus Christus is en wat ons volgemaak kan word met die Heilige Gees.

Dit is in hierdie tyd waar die strome lewende waters in ons weer geaktiveer sal word, sodat ons `n onbeskryflike hoop het, omdat ons weet dat God ons vrygemaak het, omdat ons genade op genade ontvang en omdat die Heilige Gees nou reeds in ons woon. Kom ons wy onsself in hierdie volgende paar weke daaraan toe om werklik weer verbaas te staan oor die wonderlike genade en hoop wat ons Here vir ons gee.

Kom ons skep uit die fonteine van redding, sodat daar strome lewende water uit ons binneste sal vloei!

Amen